# BEREA – REEKS (Hand.17:11) #34
# DIE GK CARLETONVILLE SE BELEIDSDOKUMENT OOR HUWELIK, EGSKEIDING EN HERTROU

Die Heilige Skrif leer ons die volgende hoofpunte aangaande huwelik, egskeiding en hertrou:

1. **Die huwelik is 'n instelling van God**. Hy bring man en vrou bymekaar sodat hul een vlees word vir altyd op aarde, solank hul leef (Gen.1:26-28; 2:18-25).

> **Genesis 2:22-24** En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou *en bring haar na die mens*. ... *Daarom* sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal *een vlees* wees.

> **Matt.19:4-6** Het julle nie gelees *dat Hy wat hulle gemaak het*, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, [5] en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; [6] sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? *Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.*

2. **Die huwelik is 'n beeld van Christus (die bruidegom) se liefdesverhouding met die gemeente (die bruid).** Daarom moet hierdie beeld in liefde en gehoorsaamheid beskerm en gekoester word.

> **Ef.5:31-32** [31] Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word. [32] Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit *met die oog op Christus en die gemeente.*

3. **Egskeiding moet vermy word**, *want* God haat egskeiding (Mal.2:14-16) en verbied dit in sy wet (Ex.20:14).

> **Exodus 20:**14 *[14] Jy mag nie egbreek nie.*

> **Mal.2:15-16** *Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie. [16] Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel*

4. **In gevalle van owerspel** (Matt.19:9), het die onskuldige party die keuse om a) te versoen en voort te gaan met die huwelik, of b) te skei (1 Kor.7:10,11).

> **Matt.19:9** [9] Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, *behalwe oor hoerery*, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.
> **1 Kor.7:10-11** [10] En aan die getroudes beveel ek -- nie ek nie, **maar die Here** -- dat die vrou nie van die man moet skei nie; [11] en as sy tog van hom skei, *moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen*; en dat die man sy vrou nie moet verstoot nie.

5. Indien 'n man of vrou skei mag hy/sy nie weer trou ***terwyl*** **sy/haar huweliksmaat in die lewe is nie**. Slegs wanneer hy/sy tot sterwe kom, is sy/hy weer vry om te trou, maar dan slegs met 'n **medegelowige** wat nog ongetroud is en/of weduwee of wewenaar self is (Rom.7:1-3; 1 Kor.7:39).

> **Rom.7:2-3** [2] Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man. [3] Daarom dan, as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster genoem word; *maar as die man sterwe, is sy vry van die wet*, sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie.
> **1 Kor.7:39** [39] 'n Vrou is deur die wet gebonde *so lank as haar man lewe*; maar as die man ontslaap het, is sy vry om te trou met wie sy wil, maar net in die Here.

6. **Die GKSA sinode oor egskeiding en hertrou**
Die GKSA se amptelike standpunt oor egskeiding word in die 'Rapport in sake Egskeidingsgronde', soos aanvaar deur die Sinode van 1964[1] verwoord:

> Op grond van die *duidelike* uitsprake van Jesus in Matt.5:32; Luk.16:18; Matt.19:9 en Mark.10:11,12 moet egbreuk gesien word as *die gekombineerde daad van skeiding en hertrou* (rapport Sinode 1961, Acta, p.494, rapport voor die Ekumeniese Sinode, Acta, p.80).
> Verder aangehaal uit eersgenoemde rapport "Dit sluit in dat eenvoudige skeiding (bv. tussen tafel en bed) nie juis as egbreuk bestempel hoef te word nie, maar dat die *onverbreekbaarheid* van die huwelik meebring dat solank die ander party lewe, *geen ander huwelik aangegaan mag word nie*" (Acta 1961, p.494). ...

---

[1] Hier aanlyn beskikbaar, GKSA Handelinge, 1964, bl. 468-476: https://bit.ly/3SbSaTe, of hier: https://wp.me/aM9VW-2zZ

> Die woorde ‘maak dat sy egbreuk pleeg’ wys tog in die rigting van hertrou wat dan *ook vir die onskuldige party sonde sou wees*. Hoerery kan aanvaar word as wesenlike verbreking van die huwelik. Kan dit ook van skeiding in geval van ongeloof gesê word in die lig van 1 Kor.7:12-14? U deputate is van mening dat in die geval van 1 Kor.7:15 hertrou as ‘n daad van egbreuk bestempel moet word wat die onskuldige party betref. **Besluit:** Die Sinode ... herbevestig ... dat die Skrif egskeiding *slegs om een rede* toelaat, nl. hoerery (Matt.5:32; 19:9).

<u>Samevattend</u>: Die GKSA se sinodebesluit bevestig dus dat egskeiding slegs weens hoerery kan plaasvind, en dat slegs **die onskuldige party in die geval van owerspel, weer mag trou**[2]**, maar nie in die geval van verlating oor ongeloof nie, dan is hertrou ontoelaatbaar.**

7. Dit is wat **Christus** leer in Mark.10:10-12, **Mark.10:11-12** Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen haar; [12] en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk.

**8. Pastorale vrae en gedagtes**

Die groot vraag is natuurlik, wat maak die kerkraad met die verlede en die *huidige* kultuur van egskeiding (meestal vir enige redes, en nie vir bybelse redes nie) en hertrou a.g.v. die ‘verhardheid van die mense se harte” (Deut.24:1-4; Matt.19:8)?

Wat van daardie man wat hul huweliksmaat op verskeie wyses geestelik en fisies mishandel? Manne of vroue wat volhard in ‘n lewenswyse van hoerery en ontrou? Wat van mense wat in onkunde geskei en weer getrou is, wat nie bogenoemde 7 punte geleer is nie, en dit nou eers besef, en/of oorkom van ander gemeentes ?

**<u>Die belangrikste om te onthou</u>**: nie ons eie harte nie, nie ons sondige praktyk en omstandighede nie, maar **God se Woord** bepaal in alles wat reg en verkeerd is, sien Ps.1:1,2; 2 Tim.3:15-4:4. Die Fariseërs het ook die bybelse leer aangaande die huwelik, egskeiding en hertrou omver probeer gooi deur hul 'sondige praktyk' voor te hou aan Jesus. Lees weer Matt.19:1-12 waar Jesus bly by wat die Skrif leer, iets wat ons ook moet navolg. Sien ook Luk.6:46 en 9:23-26.

Die kerkraad sal ***elke geval*** pastoraal in die lig van bogenoemde 7 punte hanteer, want elke geval is weer verskillend. So, behalwe wat reeds hierbo genoem is, hier is nog 'n paar riglyne:

---

[2] Ibid., bl. 4 “Is die ***veronregte*** in geval van owerspel en daaropvolgende formele egskeiding toegelaat om weer te trou? Die vraag word bevestigend beantwoord deur sowel die rapport voor die Ekumeniese Sinode 1958 (Acta, p. 100), as die rapport Sinode 1961 (Acta, p. 496). Laasgenoemde voeg die motivering by: “...word ons gestel voor die feitlikheid van die ontbinding van die eerste huwelik nl. (1) Ingeval van owerspel”.

a. Ja, God vergewe ons genadiglik in Christus ons sondes, ook ons gebroke huwelike. Soos baie ander sondes is egskeiding en onwettige hertroues nie onvergeefbare sondes nie, ons dank God daarvoor. Maar dit is belangrik om te onthou, sy vergifnis gee ons nié die reg om nou weer te gaan sondig nie, soos Jesus die owerspelige vrou leer (Joh.8:11, sien ook Rom.3:8,31). Onthou ook Hebreërs 13:4. Die huwelik is 'n saak van groot erns vir Christus, en daarom handhaaf Hy God se wil daaroor en verwag dit nou van sy kerk, al veroorsaak dit aanstoot.

b. *Tydelike* 'skeiding van tafel en bed' in moeilike gevaarlike huweliksgevalle om dan hopelik **die weg van versoening** te bewandel deur berading en hulp. Dit is dan seker ook een van die grootste en belangrikste pastorale redes waarom hertrou ook ontmoedig moet word, want dit maak die pad van toekomstige versoening, huwelik- en gesinsherstel vir altyd toe. Hoeveel mooi getuies was daar dan ook nie al in die geskiedenis van huweliksmaats wat mekaar na jare weer gevind het en 'happily ever after' gelewe het 'till death do us part'. In hierdie sin is hertrou ook negatief teenoor kinders wat hoop en bid hul ouers kom weer bymekaar uit.

c. Ter wille van die toekoms van ons gesinne en kerke, moet ons ook rekening hou dat ons vandag in so katastrofe van die gevolge van egskeiding en hertrou lewe, dat dit blyk onmoontlik sou wees om nou van ongeoorloofde huwelike **wat in die verlede aangegaan is**, te vereis om nou te ontbind. Dit sal net lei tot verdere huweliks- en gesinsverbrokkeling. Daarom moet elkeen bly in sy *huidige* huwelik en daar trou wees tot die dood toe (1 Kor.7:20), of, as daar reeds vir verkeerde redes geskei is, of selfs regte redes, dan te bly by in wat 1 Kor.7:10,11 geleer word.

d. Die waarheid en praktiese implikasie van bogenoemde 7 punte, moet vir ons en ons kinders geleer word vir nou en vir die toekoms: deur prediking, huisgodsdiens, katkisasie, huisbesoek, bybelstudies, ens. moet die gemeente opgevoed en geleer word, veral die jonger geslag wat nog gaan trou.

e. Wanneer nuwe lidmate oorkom, moet hul deeglik en duidelik bewus gemaak word van die gemeente se standpunt oor huwelik, egskeiding en hertrou. Die feit dat mense in ander kerke uit onkunde verkeerdelik geskei en hertrou is, moet deeglik in ag geneem word in verdere pastorale optrede. Sodoende moet God se genade en vergifnis ook deeglik bedien word aan baie lidmate wat slagoffers was van verkeerde onderrig aangaande egskeiding en hertrou.

**Slot:** mag ons opnuut terugkeer na die Skrif se siening van huwelik, egskeiding en hertrou, sodat sy Naam ge-eer en huwelike en gesinne gespaar kan word van die vernietigende gevolge van egskeiding en hertrou.

*Vir verdere inligting: Slabbert Le Cornu, (GK Carletonville) Sel: 082 770 2669*

*E-pos: proregno@gmail.com Sien ook artikels by: http://proregno.com/*